





Voorkeurbesprekings

ATKV-oorde vergemaklik u vakansie-ervaring met gesinsvriendelike wegbreke by enigeen van ons sewe oorde wat u, as ATKV-lid, boonop die vergunning gee om vooruit te bespreek.

Lede kan vanaf 1 November 2026 soos oudergewoonte hul besprekings vir die skoolvakansie in Desember 2027 maak.

Om die voorkeurbesprekingsproses egter so vlot as moontlik te laat verloop, bring ons graag die volgende aspekte onder ons lede se aandag:

1. Die voorkeurbesprekingsperiode vir lede word tot die eerste 14 dae van November 2026 beperk. Lede sal slegs 14 dae vanaf 1 November 2026 hê om te bespreek. Vanaf 15 November 2026 word besprekings vir die algemene publiek oopgestel. Besprekings kan vanaf 07:00 die oggend op 1 November 2026 gemaak word.

2. Besprekings vir verblyf vir die Desembervakansie by enige ATKV-oord kan vir 'n minimum van vyf nagte gedoen word, en vir kampering 'n minimum van tien nagte. Kampeerders by ATKV-Hartenbos moet vir 'n minimum van 14 nagte bespreek.

3. Ongelukkig sal geen besprekings in persoon by die ATKV-hoofkantoor of by enige van die ATKV-oorde gemaak kan word nie.

4. Lede moet asseblief ook kennis neem dat die #RekUit-depositobeleid vir voorkeurbesprekings steeds geld. Meer inligting oor die skedules is hier beskikbaar.

5. Deur te bespreek, bevestig u dat u aan alle bepalings en voorwaardes, sowel as die oordreëls sal voldoen.

6. Voorkeurbesprekings kan ook nou aanlyn op die ledeplatform gemaak word. *Neem asseblief kennis van die volgende wanneer u aanlyn bespreek:*
   a. Lede kan van 1 tot 14 November 2026 aanlyn by www.atkvoorde.co.za bespreek vir die skoolvakansie in Desember 2027.
   b. Dit geld vir alle oorde. Vir ATKV-Hartenbos sal verblyf slegs aanlyn en telefonies bespreek kan word. Besprekings vir kampering sal slegs telefonies gemaak kan word.







7. **Indien u aanlyn bespreek:**
   a. Mag u slegs EEN eenheid of staanplek bespreek.
   b. Kan u NIE 'n spesifieke eenheid/staanplek kies NIE, slegs 'n eenheidstipe of kampeerstaanplekblok.
   c. Is die deposito van 10% van die besprekingswaarde onmiddellik betaalbaar, slegs vir 1 en 2 November 2026. Daarna val dit terug na 50% van die besprekingswaarde, soos met gewone aanlyn besprekings..
   d. Om teleurstelling te voorkom, word u aangemoedig om vooraf seker te maak dat u geregistreer is en toegang tot die aanlyn ledeplatform het wanneer u aanlyn bespreek. Indien u onseker is of hulp nodig het, skakel gerus ons ledesake-afdeling by 011 919 9000.
   e. Inbel- en e-posbesprekings (slegs e-posaansoeke soos ontvang vanaf 07:00 op 1 November 2026) word aanvaar, maar inbelbesprekings sal voorkeur geniet.

8. **As u inbel en bespreek:**
   a. Kan u u eenheid/staanplek kies.
   b. Mag u slegs EEN eenheid of staanplek bespreek.
   c. Is die deposito 10% van die besprekingswaarde volgens die #RekUit-skedule betaalbaar.

9. **U kan enige van die onderstaande nommers skakel om te bespreek**:

• ATKV-Buffelspoort:	014 572 1000
• ATKV-Drakensville:	036 438 6287
• ATKV-Eiland Spa:	015 386 8000
• ATKV-Goudini Spa:	023 349 8100
• ATKV-Hartenbos:	044 601 7200
• ATKV-Klein-Kariba:	014 736 9800
• ATKV-Natalia:	031 916 4545
• Sentrale besprekingskantoor:	011 919 9092



Ons waardeer u samewerking in hierdie verband. Moenie hierdie geleentheid misloop nie – skakel ons vanaf 1 November 2026 en bespreek u gesinsvriendelike wegbreke by een van ons sewe pragoorde!

www.atkvoorde.co.za

ATKV Oorde
JOU VAKANSIE INSPIRASIE